

MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING

NOTULE VAN VERGADERING GEHOU TE WORD OP WOENSDAG 7 OKTOBER 2020 OM 13:00 IN DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL – NOMMER 03/2020

1. OPENING.

Eric Marais open met gebed en George Nezar verwelkom almal teenwoordig.

2. PRESENSIE

a. Die volgende lede is afwesig met verskoning:

- i. Ann Pretorius
- ii. Sollie Grobler
- iii. Raadslede Wyke 4 & 5
- iv. Robin Fick

Die volgende lede teenwoordig:

George Nezar (Voorsitter)(GN)	
Andre Smit (AS)	Geen verskoning
Ben Reinicke (BR)	Afleiding-bedank
Buks Pieterse (BP)	
Cecil Barry (CB)	
Charl Coetzer (CC)	Bedank
Eric Marais (EM)	
Frik Nel (FN)	
Greg Mitchell (GM)	
Jacques Radley (JR)	
Johan Muller (JM)	Bedank
Johan Spies (JS)	
Mike Wray (MW)	Bedank
Pieter Le Roux (PLR)	
Kobus Kotze (KK)	Bedank

Ultgenooide Lede:

Nickey Le Roux (NR)	Nie teenwoordig
Bouinspekteur	Nie teenwoordig

Weens die bedanking van die Onder Voorsitter word Buks Pieterse voorgestel en algemeen aanvaar as die Onder Voorsitter van die MBBBV tot einde van die huidige termyn

3. LIEF EN LEED

As vereniging gaan ons gebede op vir die lede wat baie siek is en van ons vorige lede wat groot bydrae gemaak het tot die vereniging wat oorlede is en ook vir hul familie . Ons dink aan :

- a. Johan Muller –baie siek
- b. Piet du Plessis – oorlede
- c. Len Raugh – oorlede
- d. Jan van Dorothy (vorige Sekretaresse) - oorlede

4. GOEDKEURING VAN VORIGE NOTULE

Notule vir 4 Maart 2020 word aanvaar deur JR en gesekondeer deur PLR

5. ROL & FUNKSIES : MBBV, BESPREKING

Weens die manier waarop die Vereniging huidig sy doel vertolk en poog om hierdeur resultate te bereik gee aanleiding tot baie kritiek en die gevolglike bedanking van sommige kommitee lede. Dit is noodsaaklik om te bevestig wat ons primere en sekondere take is en hoe pas ons dit toe om die regte diens aan ons gemeenskap as Belastingbetalers Vereeniging te verseker.

Voortspruitend uit hierdie bespreking:

a. Primer moet ons verseker dat die Mun in beplanning en uitvoering van die Municipale Operasionele en Kapitaal begroting geen belastinginkomste wanaanwend of verkwis tot nadeel van die belastingpligtige nie en verseker dat die belastingbetalter die volle gelykmatigevordeel kry wat hom toekom. Dit is uiters noodsaaklik vir die BBV om te verseker dat eskalasie van dienste en belasting tariewe nie as die maklikste uitweg buitensporig aangepas word om tekorte op die begroting te balanseer nie. Hierdie kan bewerkstellig word deur indirek aktief betrokke te wees in die monitoring van die begrottings & bestedings proses en te verseker dat Mun die insette van die volk eerbiedig in die uitvoering van hul funksies. Direkte betrokkenheid by die Wykskommitees tov die GOP Proses. Bevraagtekening tov eskalasie in kostes van die belastingpligtige om beplande begrottings te laat klop tot nadeel van lede ens.

As MBBBV is ons die Oë & Ore van die Belastingbetalter en NIE van die Municipaliteit nie, teenoorgestelde uitgangspunt is die rede dat die gemeenskap vertroue in die Vereeniging bevraagteken en dat ons gesien word as n verlengstuk van die Mun en die wykskommitees. Dit bemoeilik die

skeiding van funksies tussen die Vereeniging, die Wyks kommitees en die Raadslede.

Hierdie is nie n konfrontasie profiel wat voorgestaan word nie maar deur gesprekvoering met, of skriftelike ultimatum die Mun forseer om sy funksies te bedryf tot voordeel van die belastingbetalers en nie tot voordeel van Politieke en of persoonlike Aspirasies van die Raad of Munisipaliteit nie.

b. Sekonder is ons verantwoordelik om te verseker dat deur monitoring en reaksie op klagtes van die gemeenskap die Mun die regmatige dienste lewer waarvoor belastingbetalers betaal. Dit moet bewerkstellig word deur R/Lede in te lig en indien resultate nie verkry word nie dit direk op te neem met Direkteure of MM persoonlik. Baie van die punte in par 6 & 7 is tipies funksies binne die verantwoordelikheid van die Raadslid na die Mun met ons funksie die resultaat monitoring.

c. Aksie Plan.

(1) Alle lede om voorgestelde verandering aan huidige Konstitusie aan die O/V BP teen die 4/11/2020 te voorsien vir verwerking vir goedkeuring met die AJV op 21 Des 2020.

(2) Die O/V BP sal skriftelik alle huidige knelpunte wat reeds n geruime tyd hinder en aspekte wat nie finalisering bereik nie konsolideer vir kommentaar deur MM en sy Direkteure. Mondelinge terugvoer deur gesprekvoering met komitee van die BBV sal verkies word om hierdie knelpunte op te los .

6. BOUINSPEKTEUR:

Die volgende aspekte is steeds hangend tov terugvoer deur die B/Insp. Hierdie bywoning van die B/Insp moet heroorweeg word tov ons Rol & Funksie.

- a. Hartebeeslaan 5 – Onwettige besigheid
- b. Onwettige aanbouings erf 479, Victoriastr 3.
- c. Gryswater Riverside, 1st laan, vanaf Outeniqualaan.
- d. Grysok 83, Reebok – met Mun opgeneem awagtend Mun Aksie.
- e. Impalalaan 82 (moet teen 15 Okt verwijder wees) en tov Impala 84 (Geen leer by eksterne prokureurs - verlore?)

f. Aanvullend:

- i. Olckers 74, Reebok – Sonpanele op dak- ontevredenheid tov uitleg op dak – Mun sal ondersoek.
- ii. Sypaadjies – verfraaiing .Toestemming moet vooraf verkry word. Verstandhouing is dat indien enige diensteonderhoud gedoen moet word is dit die eienaar se verantwoordelikheid om na die tyd rehabilitasie op eie koste te doen.
- iii. Bou planne moet insluit geplaveide parkering in padreserwe voor wonings met steil ingange. Weens die gebrek in beplanning word dit geinterpreteer as privatisering.
- iv. Rooibok 72-woning wat afgebrand het op 15 Des 2019 .Skrywrig aan Mun deur GN tov herstel@tyd?
- v. Aansoek Erf 368,Kleinbrak,Olkcers st 44 tov bou oorskreiding. : MBBV kan geen goedkeuring gee nie, Slegs Mun kan goedkeuring gee met omliggende bure se toestemming
- vi. Mun om te ondersoek- gevaaarlike stapeling van Boumateriaal(stene/bloke) – erf 1661 ,12 Taaibos straat , Reebokrif

7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE

- a. Kommunikasie Munisipaliteit - NR nie teenwoordig. Voorsitter sal formele uitnodiging stuur vir verg 4 Nov20.
- b. Waterplan – Eric Louw het die waterplan . FN sal dit kry vir verspreiding na die groep wat dit moet verwerk vir 4 Nov verg.
- c. Stormwater Kusweg – Wes van De Jagerstraat – SG: Die situasie sal dopgehou word.
- d. Municipale Kennisgewing Bord – Behoeftte gestel op GOP vir nuwe borde G/Brag & K/Brak (Wyk 4) vir noodplan kennisgewings, selfde geld vir waterbeperkings bekendstelling.
- e. Terugvoer oor TDI verslag van 1 Novemebr 2019 aangaande Koopkrag Meters –Kontrakteurs steeds besig in gebied.
- f. Die Covid – 19 virus: Protokol tov stand 1 moet gehandhaaf word.

- g. Konstitusie: Voorstelle vir verandering deurstuur vir BP @ 4 Nov vir verwerking vir voorlegging AJV2020.
- h. The Mossel Bay Older Persons Committee W4&5 (GM) Voltyds besig met ondersteuning aan die Sosio-Maatskaplike behoeftes in ons gebied.

8. AANVULLENDE AGENDA EN NUWE SAKE VIR BESPREKING

a. Spacial Development Framework and Infrastructure Management Plan word aangebied aan die vergadering op 4 Nov20 deur Jaco Roux.

b. 14 Oktober- Gevaarlike huishoudelike afval. Mun om beter oplossing te soek bv "Rooi Sak.

c. Rioleringsplan – Plan is oorhandig aan JS vir vertroudheid kennis.

d. Powertown/Sonskynvallei- sal monitor bly op die agenda.

e. R102 Leanie kruising- gemeenskap ongelukkig tov nie 4-rigting stop by die kruising. Dit was baie duidelik as versoek gerig tydens aanbieding van die pad-projek spesifiek om veiligheid en spoed beperking te bewerk stellig. Die pad is nog nie oop nie en spoed is reeds n probleem. GN om vergadering met Paul te reel om die aspek te bespreek.

f. "Facebook Blad" Alle lede moet insette lewer en iemand identifiseer wat dit sal administreer. Terugvoer volgende vergadering.

g. Punte vir bespreking in skrywe aan MM: BP

- Plaasdiere in Mun gebied –Cheri Slot hoenders se gekraai.= Vark Boerderye ingang van Mosselbaai Wes.
- Status as beste Munisipaliteit – Implikasies vir belasting betaler?
- 95% + Sukses op invordering –gemeet teen wie of wat?
- Verskaffing van dienste R vir R tov borgskap aan nie betalende massa deur betalende inwoners.(Onbekostigbare kostes vir 95%)
- Koste/tariewe verhogings tov onbeboude erwe.
- Verkeers Dept- indien beperkte personeel per skof is- hoekom fakatures tov organogram van die Afd.
- Raads goedkeuring van Organogram tov CFO situasie en die finansieele implikasie vir die belasting betaler.

- Afhangend die aanbieding tov “Spacial Development Framework and Infrastructure Management Plan op 4 Nov20 die verdere bespreking van:
 1. .Erf 912 en restant van plaas Zandhoogte nr 139 en Seegenot – Onaanvaarbare Hoedigtheid ontwikkeling.
 2. Ontwikkeling Implikasie vir Water,Elektrisiteit en Riool.
 3. Bestaande roete oorversadiging- Louis Fourie ens.

9.FINANSIES - Geen verslag – Raadslede betaal tans vir saal

.

10. WEBSITE INSTANDHOUDING

www.midbrakratepayers.co.za en info@midbrakratepayers.co.za

Alle items vir die MBBV se Webtuiste moet ingedien word by GN.

11.BYWONING VAN MUNISIPALE KOMITEE RAADSVERGADERINGS

George Nezar en Buks Pieterse - maandeliks indien dit steeds belangrik sou wees binne die nuwe rol en funksie mandaat.

12.WYKSKOMITEE

- a.Wyk 4 en 5 – Wyksafbakening: Geen invloed op Midbrak nie.
- b.GOP : Wyk 4 en 5 Terugvoer.(Vraelys GOP word ge-evalueer as nie suksesvol.)

13.BEWAREA

Due to DEFF short staffed the poaching situation are mainly monitored by Neighboorwood Watch .

14.POLISIERING/BUURTWAG – JR

- a. Misdaad – verslag : 4 x Inbrake en 4 x pogings, 1 x voertuig diefstal.
Vir Aug 2 x Inbrake en 2 x Pogings.
- b. Grootbrak Sektor Vergadering : Groot samewerking bewerkstellig ook met plaasbeskermings projek om alle dienste onder een sambrel te koordineer, Dankie JR

15. PLAASLIKE SAKE

1 De Lange Uitbreiding	Ann Pretorius
2 Toekoms	Inskakel sodra belastingpligtig
3 Rheeboek Village/Groenkloof	Andre Smit
4 Fraaiuitsig	Greg Mitchell en Frik Nel
5 Tergniet	Johan Spies – kort lid
6 Tergniethoogte	George Nezar – kort lid
7 Reebokhoogte	Jacques Radley
8 Reebokrif	Buks Pieterse en Eric Marais
9 Reebok : Noord van die Spoorlyn Suid van die Spoorlyn	Sollie Grobler Cecil Barry
10 Klein Brakrivier	Pieter le Roux
11 Riverside	Kort lid

16. KORRESPONDENSIE

17. ALGEMEEN

MBBV&B AKTIWITEITSLYS 2019	
Onderwerp	Bespreking
1. SPOOROORGANGBLOKKE	

18. VOLGENDE VERGADERING OP WOENSDAG, 4 NOVEMBER 2020 OM 13H00 BY DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL.

Gronggebruikbeplanning en ontwikkelings – Jaco Roux.

Sekeretaris vir volgende vergadering sal wees:

Me Retha Horn- Aanvanklik vrywillig maar met hoe werkslading kan die Vereeniging n honorarium aanbieding doen.

MUNISIPALE KONTAKNOMMERS: SMS nr 44802

Skakelbord - 044 606 5000

Finansies - 044 606 5009

Elektriesedienste – 044 606 5082

Voorsieningsdienste – 044 606 5192

Paaie en Stormwater – 044 606 5282

Brand en Rampbestuur – 044 691 3722

Water en Riool - 044 606 5282

Stadsbeplanning - 044 606 5073

Na-Ure – bv kragonderbrekings - 044 606 5000 Nooddienste na-ure - 044 606 5107

Indeling van portefuljes.

1. Sekretariaat

Regsdienste	George Nezar
Admin Dienste	Buks Pieterse
Vereniging bestuur, Informasie, Kommunikasie Dienste en Media skakel	Buks Pieterse
Webtuiste	Klaus Oellrich (kennisname)

2. Kooperatiewe Dienste

GOP Proses	Jacques Radley Wyk 5
Begrotingsmonitering en uitvoering	Buks Pieterse Wyk 4

3. Ekonomiese Ontwikkeling

Bewarea- Land, Kus en Kleinbrak rivierstelsel	Robin Fick (kennisname)
Toerisme	Ann Pretorius / Greg Mitchell
Dorp en streeksbeplanning en Ontwikkeling	Pieter le Roux / Andre Smit
SMME	Buks Pieterse

4. Infrastrukturale Dienste (Tegnies & Geintegreerde)

Water	Cecil Barry
Riool	Frik Nel
Paaie en Stormwater	Sollie Grobler
Elektriese Dienste	Eric Marais

5. Gemeenskaps Dienste

Veiligheid	Jacques Radley
Rampbestuur	
Skoonmaak van erwe & groengordels	
Afvalbestuur Gemeenskapsale	Johan Spies